Central University of Technology, Free State

# COMMUNIQUÉ AAN DIE SUT GEMEENSKAP

# NASIONALE KORONAVIRUS WAARSKUWINGSVLAK VERLAAG VANAF VLAK 5 TOT VLAK 4

**24 APRIL 2020**

2020 #12

**Liewe SUT Gemeenskap**

‘n Risikoverlagingsbenadering met betrekking tot COVID-19 sal ‘n sentrale deel van ons lewens in die voorsienbare toekoms uitmaak. President Cyril Ramaphosa het op 23 April 2020 aangekondig dat ‘n ekonomiese infaseringsmodel gevolg sal word met die verlaging van die huidige inperkingsbevel vanaf vlak 5 na vlak 4 op 1 Mei 2020. Presies hoe hierdie infaseringsproses hoër onderwys sal raak, sal in die volgende paar dae duidelik word. Ons is voortdurent in konsultasie met die verskillende rolspelers ten einde die beste moontlike metodologie daar te stel, en sal binnekort volledige inligting in hierdie verband aan julle deurgee.

Ons bly op koers met ons buigsame en tegnologie-gefokusde onderrigstrategie. Soos reeds in ‘n vroeëre communiqué uitgewys, sal die eerste twee weke ‘n infaserings- en oriënteringstydperk vir beide personeel en studente wees. Geen assessering of indiening van take sal in hierdie twee weke plaasvind terwyl ons aandag skenk aan die verspreiding van toestelle, databundels en studiemateriaal nie. Ons sal op 4 Mei 2020 met volle kapasiteit begin. ‘n Opsomming van die SUT Aanlynstudiegids is hierby aangeheg as **Bylae A**.

Ek wil aan al ons student, personeel en rolspelers die versekering gee dat *geen student agterweë gelaat sal word weens die COVID-19 pandemie nie*. Ons is deeglik bewus van die uitdagings wat ‘n tegnologie-gefokusde onderrigbenadering inhou. Ons neem ook kennis van lektore wat nog nie ten volle toegerus is om hierdie aangepaste onderrigmetodologie te volg nie. Verskeie ondersteuningsmaatreëls is in plek gestel en deur die betrokke Adjunkvisekanseliers (AVKs) deurgegee. Hierdie maatreëls sluit onder andere die volgende in:

- Ondersteuningshandleidings en aanlynplatform-opleiding vir beide personeel en studente.
- Tot op hede het ons R4,972 miljoen op toestelle vir studente en personeel spandeer.
- Ons het 21 500 databundels tussen 30GB en 40GB elk (afhangende van die netwerkverskaffer) ter waarde van R2,128 miljoen aangekoop. Hierdie bundels is geldig vir 30 dae, en sal aan studente en personeel versprei word. Verder het ons nulkoers data vir sekere BAs by SUT verkry. Meer inligting in hierdie verband sal deur die Adjunkvisekanselier: Hulpbronne en Bedryf bekendgemaak word. Ons werk ook tans aan ‘n langtermyn data-oplossing.
- Finansiële steun via ons SUT COVID-19 Bystandsfonds.
- Voortgesette uitbetalings aan ons studente wat deur “NSFAS” ondersteun word.
- Omvattende veiligheidsprotokols vir alle aktiwiteite op die kampus.

Alhoewel ons alle moontlike maatreëls vir julle fisiese en akademiese welstand ondersoek en implementeer, wil ons julle aanmoedig om ook aan julle sielkundige welstand aandag te skenk. Fisiese distansiëring hoef nie emosionele pyn teweeg te bring nie. Onthou dat, alhoewel fisiese distansiëringspraktyke toegepas moet word, julle steeds op sosiale vlak met mekaar kan konnekteer. Maak gerus kontak met die SUT Welstandsentrum, CareWays, of mense rondom julle via e-kommunikasie, terwyl julle die nodige risikovrye gedrag handhaaf. Ons het mekaar meer as ooit tevore nodig, en moet met mekaar deel hoe ons by hierdie omstandighede aanpas, en oplossings daarvoor vind.

Heelwat ongemak word deur die huidige situasie veroorsaak, en Bestuur het empatie met die vele ontberinge wat u moet deurmaak. Ons bly egter positief dat die SUT gemeenskap, en Suid-Afrika as ‘n nasie, deur hierdie uitdagings sterker en meer verenig as ooit sal wees. Laat ons almal die bekende gesegde, “Krisis bou nie karakter nie, maar onthul dit”, aangryp. Pas julself mooi op, en wees veilig!

**Prof. Henk de Jager**
Visekanselier en Rektor